EXTRAORDINARY

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Monday, 2 February, 1981 — WINDHOEK — Maandag 2 Februarie 1981 — No. 4372

CONTENTS: — INHOUD:

*Page* — *Bladsy*

**GOVERNMENT NOTICE:** — **GOEWERMENTSKENNISGEWING:**

No. AG. 10 Department of Economic Affairs: Price Control Act, 1964 — Display or marking of prices of goods. 1

No. AG. 10 Departement van Ekonomiese Sake: Wet op prysbeheer, 1964 — Vertoon of merk van pryse van goedere 1

## Government Notice

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 10 1981

PRICE CONTROL ACT, 1964

DISPLAY OR MARKING OF PRICES OF GOODS

Under the powers vested in me by sections 7 and 9 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964) I hereby prescribe as follows:

1. In this notice and for the purposes of its application unless the context otherwise indicates —

"advertise" means to distribute to members of the public or bring to their notice in any other manner any written, printed, illustrated, visual or other such descriptive matter in order to promote the sale of specific goods or to encourage the use thereof or to draw atten-

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. AG. 10 1981

WET OP PRYSBEHEER, 1964

VERTOON OF MERK VAN PRYSE VAN GOEDERE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 7 en 9 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964) bepaal ek hierby soos volg:

1. In hierdie kennisgewing en vir die toepassing hiervan, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"adverteer" om enige skriftelike, gedrukte, geïllustreerde, visuele of ander sodanige beskrywende stof onder lede van die publiek te versprei of op enige ander wyse onder hulle aandag te bring ten einde die verkoop van spesifieke goedere te bevorder of die gebruik daar-

tion to the nature, properties, advantages or uses of such goods or to the manner in, conditions on or prices at which such goods may be purchased or otherwise acquired; and "advertisement" shall have a corresponding meaning.

"goods" means any moveable goods including moveable goods made up or packaged in any manner as a single unit or entity prior to the time of sale thereof (irrespective of whether such unit or entity consists of one or more than one item of such goods and irrespective of whether such unit or entity is wholly or partly enclosed or is uneclosed and irrespective of the method used to obtain such unit or entity) for the purpose of selling such goods as a unit or an entity;

"retail dealer" means a dealer, or any outlet of such dealer, whose ordinary business it is to sell goods to a person who is not a dealer;

"sell" includes agree to sell, or offer or attempt to sell or keep, expose, display or advertise for sale; and "sale" shall have a corresponding meaning;

"selling price" means the price at which a retail dealer is prepared to sell goods to a purchaser against immediate payment of the full purchase price; and

"unit price" means a selling price indicated per unit or quantity expressed in terms of any measuring unit.

2. Any retail dealer, whether or not he is licensed to sell goods, shall —

(a) in accordance with the provisions of this notice, mark, indicate or keep available his selling price of goods including goods kept behind or under a counter from where a purchaser can be served, but excluding goods —

(i) kept at a place to which a purchaser normally has no access and from which he is not normally served; or

(ii) made or prepared at the specific request of a purchaser; and

(b) having due regard to the provisions of paragraph (a), indicate his selling price in any advertisement in which an indication is given of or reference is made or attention is drawn to a price or a discount at which such goods may be purchased from him."

van aan te moedig of die aandag te vestig op die aard, eienskappe, voordele of gebruike van sodanige goedere of op die wyse of voorwaardes waarop die pryse waarteen sodanige goedere gekoop of andersins verkry kan word; en "advertensie" het 'n ooreenstemmende betekenis:

"eenheidsprys" 'n verkoopprys aangegee per eenheid of hoeveelheid uitgedruk in 'n meeteenheid;

"goedere" enige roerende goedere, met inbegrip van roerende goedere wat, voordat dit verkoop word, op enige wyse as 'n enkele eenheid of geheel opgemaak of verpak word (ongeag of sodanige eenheid of geheel uit een of meer as een item van sodanige goedere bestaan en ongeag of sodanige eenheid of geheel heeltemal of gedeeltelik omhul is of nie omhul is nie en ongeag die metode waarvan gebruik gemaak is om sodanige eenheid of geheel te verkry) met die doel om sodanige goedere as 'n eenheid of geheel te verkoop;

"kleinhandelaar" 'n handelaar of enige afsetpunt van so 'n handelaar, wie se gewone besigheid bestaan in die verkoop van goedere aan iemand wat nie 'n handelaar is nie;

"verkoop" ook ooreenkom om te verkoop of aanbied of poog om te verkoop, of vir verkoop hou, vertoon, uitstal of adverteer; en "verkoping" het 'n ooreenstemmende betekenis; en

"verkoopprys" die prys waarteen 'n kleinhandelaar bereid is om goedere te verkoop aan 'n koper teen onmiddellike betaling van die hele koopsom.

2. 'n Kleinhandelaar, hetsy hy gelisensieer is om goedere te verkoop of nie, moet —

(a) ooreenkomstig die bepalings van hierdie kennisgewing, sy verkoopprys van goedere merk, aandui of beskikbaar hou, ook in die geval van goedere gehou agter of onder 'n toonbank van waar 'n koper bedien kan word, maar uitgesonderd goedere —

(i) wat gehou word op 'n plek waartoe 'n koper normaalweg geen toegang het nie, of van waar 'n koper nie normaalweg bedien word nie; of

(ii) wat op uitdruklike versoek van 'n koper gemaak of voorberei word; en

(b) met behoorlike inagneming van die bepalings van paragraaf (a), sy verkoopprys van goedere meld in enige advertensie waarin 'n aanduiding gegee word of melding gemaak word van of die aandag gevestig word op 'n prys of 'n afslag waarteen sodanige goedere van hom gekoop kan word.

3. Any retail dealer shall mark or indicate the selling price of goods referred to in paragraph 2, in clear and legible letters and figures in a conspicuous place on —

(a) the goods themselves; or

(b) the container in which the goods are packed or made up; or

(c) a price ticket or tag fixed to such goods:

Provided that where the selling price of goods is not marked or indicated in the manner prescribed above, the selling price and a general description of the goods shall be indicated or marked in clear and legible letters and figures on a price placard which shall be displayed on, or in the immediate vicinity of, such goods;

And provided further that where goods are kept at a place where a purchaser cannot serve himself or to which he normally has no access, but from which he is normally served at his request, the selling price and such general description shall be so indicated or marked on a price placard, a price catalogue or a price list which shall be kept at any other place to which the purchaser has access, and shall be made available to him at his request;

And provided further that were goods are displayed by a retail dealer at a place to which the purchaser normally has access, for the purpose of selling portions or units of such goods, the unit price shall be conspicuously indicated to any such purchaser in clear and legible letters and figures on the goods so displayed.

4. A suggested selling price, other than a selling price shown in a foreign currency, indicated or marked on goods by any supplier other than the retail dealer by whom the goods are sold, shall be indicated or marked in accordance with the provisions of paragraph 3.

5. No retail dealer shall deface, multilate, destroy or remove any mark or indication in respect of a selling price.

3. 'n Kleinhandelaar moet die verkoopprys van goedere bedoel in paragraaf 2 in duidelike en leesbare letters en syfers merk of aandui op 'n opsigtelike plek op

(a) die goedere self; of

(b) die houer waarin die goedere verpak of oopgemaak is; of

(c) 'n prysetiket of pryskaartjie wat aan sodanige goedere gheg is:

Met dien verstande dat waar die verkoopprys van goedere nie gemerk of aangedui is op die wyse hierbo beskryf nie, die verkoopprys en 'n algemene beskrywing van die goedere in duidelike en leesbare letters en syfers gemerk of aangedui moet word op 'n prysplakkaat wat op, of in die onmiddellike nabyheid van, sodanige goedere vertoon moet word;

En met dien verstande verder dat waar goedere gehou word op 'n plek waar 'n koper hom nie self kan bedien nie of waartoe hy normaalweg geen toegang het nie, maar vanwaar hy normaalweg op sy versoek bedien word, die verkoopprys en sodanige algemene beskrywing dusdanig gemerk of aangedui moet word op 'n prysplakkaat, 'n pryskatalogus of 'n pryslys wat gehou moet word op enige ander plek waartoe die koper toegang het, en op sy versoek tot sy beskikking gestel moet word:

En met dien verstande verder dat waar 'n kleinhandelaar goedere vertoon op 'n plek waartoe die koper normaalweg toegang het, met die doel om dele of eenhede van sodanige goedere te verkoop, die eenheidsprys opsigtelik in duidelike en leesbare letters en syfers op die goedere wat aldus vertoon word, vir enige sodanige koper aangedui moet word.

4. 'n Voorgestelde verkoopprys, uitgesonderd 'n verkoopprys in 'n vreemde betaalmiddel aangedui, wat op goedere aangedui of gemerk word deur 'n ander leweransier as die kleinhandelaar deur wie die goedere verkoop word, moet ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 3 aangedui of gemerk word.

5. Geen kleinhandelaar mag enige merk of aanduiding ten opsigte van 'n verkoopprys uitwis, skend, vernietig of verwyder nie.

6. (1) Where the goods listed in the schedules to Government Notices R722 and R723 of 11 April 1975 or any amendments thereto are advertised for sale on instalment terms and are advertised otherwise than on the business premises of the retail dealer, the advertisement shall, in regard to the conditions on which the retail dealer is prepared to sell, contain the following information:

(a) The selling price of such goods;

(b) the initial payment;

(c) the periodical payment and the period applicable to each such payment; and

(d) the number of such periodical payments or the total period over which such periodical payments are to be made.

(2) Where goods referred to in subparagraph 1 are sold on instalment terms, no retail dealer shall calculate the total price of such goods on the basis of any higher price than the selling price thereof.

7. This notice applies in South West Africa, with effect from a date 30 days after publication thereof in the *Official Gazette.*

P. R. KRUGER
*Price Controller*

Windhoek 23 January 1981

---

6. (1) Waar die goedere gelys in die Bylaes van Goewermentskennisgewing R722 en R723 van 11 April 1975 of enige wysiging daarvan, vir verkoop op afbetalingsvoorwaardes geadverteer word op 'n ander plek as op die sakeperseel van die kleinhandelaar, moet die advertensie die volgende inligting bevat betreffende die voorwaardes waarop die kleinhandelaar bereid is om te verkoop:

(a) Die verkoopprys van sodanige goedere;

(b) die aanvangsbetaling;

(c) die periodieke betaling en die termyn wat op elke sodanige betaling van toepassing is; en

(d) die getal sodanige periodieke betalings of die totale termyn waaroor sodanige periodieke betalings gedoen moet word.

(2) Geen kleinhandelaar mag in geval van die verkoping op afbetalingsvoorwaardes van goedere bedoel in subparagraaf (1) hierbo, die totale koopprys van die betrokke goedere bereken op die basis van 'n hoër prys as die verkoopprys daarvan nie.

7. Hierdie kennisgewing is in Suidwes-Afrika van toepassing met ingang van 'n datum 30 dae na publikasie daarvan in die *Offisiële Koerant.*

P. R. KRUGER
*Pryskontroleur*

Windhoek, 23 Januarie 1981

---

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika